**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**DANS SG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 105**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.

---

AFDELING A
**GESKIEDENIS VAN DANS**

**VRAAG 1**

1.1 Skryf ? resensie oor ? dansuitvoering wat jy gedurende 2004 / 2005 / 2006 gesien het. Gebruik die onderstaande riglyne om jou resensie te formuleer.

* Neem kennis: Die lewende dansproduksie (Vraag 1) moet verskil van die voorgeskrewe danswerke (Vraag 6).

- Titel van die werk (1)
- Deelnemers (naam van geselskap en hoofdansers) (1)
- Datum (maand en jaar) en plek van optrede (1)
- Choreograaf(-grawe) (1)
- Kort beskrywing van die storielyn (1)
- Choreografiese styl (1)

1.2 Jy is deur ? bekende dansgeselskap gevra om ? plakkaat te ontwerp ter bekendstelling van hulle dansproduksies vir die komende jaar. Teken die plakkaat. Sluit die naam van die dansgeselskap, die name van TWEE hoofdansers en die titels van TWEE danswerke uit hul huidige repertoire in wat gedurende dié jaar vertoon sal word. (4)
**[10]**

## VRAAG 2

2.1 Die burgemeester van Johannesburg het jou gevra om ? groot konsert by die Coca-Cola Dome te organiseer om die jeug van dwelmmisbruik bewus te maak. Skryf ? brief aan hom waarin jy verduidelik wat jy beplan vir die geleentheid. Noem ook wie die uitvoerende kunstenaars sal wees asook enige items van belang wat by die program ingesluit sal word. Onthou dat dit ? groot konsert oor dwelmbewusmaking is en dus moet die program dit weerspieël! (8)

2.2 Wat verstaan jy onder die term **geïntegreerde dans**? Noem EEN voorbeeld van ? dansgeselskap wat geïntegreerde dans bevorder. (2)

**[10]**

## VRAAG 3

3.1 ? Vriendin van jou wil aan haar klasmaats by haar dansateljee verduidelik watter vaardighede nodig is om ? dansonderwyser, dansjoernalis en dansnavorser te word. Skryf aantekeninge wat jou vriendin vir haar praatjie kan gebruik. Noem ook ten minste TWEE vaardighede wat nodig is by elke beroep – om te verseker dat ? aansoek suksesvol sal wees. (6)

3.2 Jy wil vier e-posse aan potensiële borge rig vir finansiële hulp om ? dansateljee te begin. Noem die VIER instansies of persone aan wie jy die e-posse gaan stuur. (4)

**[10]**

## VRAAG 4

Jy moet ? praatjie by jou buurt se laerskool oor dans lewer. Kies EEN van die onderstaande dansvelde of dansvorms uit die onderstaande lys en skryf jou toespraak. Jy mag tekeninge maak van die plakkate wat jy gaan saamneem om die tegniek en posisies te verduidelik.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrika-dans | Kontemporêre dans | Baldans | Jazz-dans |
| Ballet | Choreografie | Latyns-Amerikaanse dans | Spaanse dans |
| Griekse dans (Ginner-metode) | Volksdans (Nasionale karakter-dans) | Indiese dans (Bharatha Natham / Kathak) | Klopdans |

**[10]**

## VRAAG 5

Skryf ? brief aan ? maat oor navorsing wat jy onlangs gedoen het oor danschoreograwe uit Europa en Suid-Afrika. Kies TWEE choreograwe en sluit inligting in oor hul onderskeie loopbane, prestasies, choreografiese style en danswerke.

5.1 Kies EEN van die volgende choreograwe uit Europa: (5)

> Pina BAUSCH, Maurice BÉJART, Mats EK, Kurt JOOSS, Jiri KYLIÁN, John NEUMEIER, Hans VAN MANEN

5.2 Kies EEN van die volgende choreograwe uit Suid-Afrika: (5)

> Boyzie CEKWANA, John CRANKO, Sylvia GLASSER, Gary GORDON, Mark HAWKINS, Vincent S MANTSOE, Gregory MAQOMA, Robyn ORLIN, Veronica PAEPER, Jay PATHER, Mbuyiselwa SEMELA, Frank STAFF

**[10]**

## VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande lys van dansproduksies sorgvuldig:

> *Bessie's Head, Giselle, Gula Matari, Revelations, Swanemeer, Die Ritus van die Lente, Tranceformations*

6.1 Kies EEN van die bogenoemde danswerke. Skryf die titel van die werk duidelik as ? opskrif neer. Skryf ? sinopsis (opsomming van die storie) oor die danswerk. (4)

6.2 Verduidelik die choreografiese styl van die werk in Vraag 6.1 wat jy gekies het. (2)

6.3 Wat is die relevansie van dié werk (Vraag 6.1) in Suid-Afrika vandag? (1)

6.4 Kies NOG EEN ANDER WERK uit die bostaande lys. Skryf die titel van die werk duidelik as ? opskrif neer. Vergelyk die choreografiese styl van hierdie werk met die choreografiese styl van die werk wat jy in Vraag 6.1 gekies het. (3)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
**MUSIEK**

**VRAAG 7**

Hierdie vraag verwys na die aangehegte musiekpartituur **"Pas Seul" uit *Giselle*.**

7.1 Wat word die kolletjies bokant die koppe van note genoem? Kyk na die note in die sopraansleutel in mate 1 tot 5. (1)

7.2 Hoe moet hierdie note (Vraag 7.1) uitgevoer word? (1)

7.3 Skryf die afkorting ***rall***. volledig uit en verduidelik die betekenis daarvan in Afrikaans. (2)

7.4 Skryf die afkorting ***mp***. volledig uit en verduidelik die betekenis daarvan in Afrikaans. (2)

7.5 Nommer die mate en bestudeer die notasie in mate 1-8 noukeurig. Identifiseer TWEE <u>verskillende</u> soorte <u>nootwaardes</u> in mate 1 tot 8. (2)

7.6 Skryf die maatnommer neer waar daar ? teken wat *crescendo* <u>en</u> ? teken wat *decrescendo* aandui, voorkom. (1)
**[9]**

**VRAAG 8**

Voltooi elke sin deur die letter wat die korrekte antwoord verteenwoordig te kies:

8.1 ? Viool is ? ______.

A. kordofoon
B. membranofoon
C. idiofoon (1)

8.2 ? Voorbeeld van ? idiofoon is ? ______.

A. penniefluit
B. snaarharp
C. mbira (vingerklavier) (1)

8.3 Die laaste seksie in musiek word soms ______ genoem.

A. *fine*
B. *presto*
C. *coda* (1)

8.4 Tamboeryne word in die volgende instrumentgroep van die orkes gevind.

A. Perkussie
B. Houtblasers
C. Strykers (1)

8.5 Tenoor, bariton en bas is ______.

A. almal vroulike stemtipes
B. beide manlike en vroulike stemtipes
C. almal manlike stemtipes (1)

8.6 ABA is die skema vir ______.

A. tweeledige vorm
B. drieledige vorm
C. variasievorm (1)

8.7 Die tenoorstemtipe het ? stemomvang wat beskryf kan word as ______.

A. laag
B. middel
C. hoog (1)

8.8 Marimbas kan geklassifiseer word as ______.

A. idiofone
B. aerofone
C. kordofone (1)

8.9 *Decrescendo* het dieselfde betekenis as ______.

A. *Accelerando*
B. *Ritardando*
C. *Diminuendo* (1)
**[9]**

**VRAAG 9**

Jy moet ? toespraak oor EEN van die onderstaande musiekstyle lewer. Skryf die musiekstyl wat jy kies neer as ? duidelike opskrif.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Afrika-musiek** | **Impressionisme** | **Jazz** | **Nasionalisme** | **Romantiek** |

Maak opsommings van die inligting in puntformaat op toespraakkaarte om jou van hulp te wees tydens jou toespraak.

9.1 Toespraakkaart No 1:

Skryf die name van DRIE persone neer wat jy met hierdie periode assosieer (byvoorbeeld komponiste, dansers, choreograwe, skrywers, skilders, ens.). (3)

9.2 Toespraakkaart No 2:

Skryf die titels van DRIE werke uit hierdie periode neer (danswerke, musiekwerke, skilderye, boeke, films, ens.). (3)

9.3 Toespraakkaart No 3:

Maak ? lys van die kenmerke van die musiekstyl wat jy gekies het. Beskryf byvoorbeeld die melodieë, ritmes, dinamiek, teksture en toonkleure. (3)

**[9]**

## VRAAG 10

10.1 Pas die onderstaande danswerke by die komponiste / verwerkers wat in die tabel genoem word. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte alfabetletter neer, bv. **10.1.8 H.**

A. *Bessie's Head*
B. *Giselle*
C. *Gula Matari*
D. *Revelations*
E. *Die Ritus van die Lente*
F. *Swanemeer*
G. *Tranceformations*

| | **Komponis / Verwerker** | **Danswerk (alfabetletter)** |
|---|---|---|
| 10.1.1 | Adolphe ADAM | |
| 10.1.2 | Shaun NAIDOO | |
| 10.1.3 | Howard ROBERTS (verwerker) | |
| 10.1.4 | Gabrielle ROTH | |
| 10.1.5 | Erik SATIE, Leonhard PRAEG, Cesaria EVORA | |
| 10.1.6 | Igor STRAVINSKY | |
| 10.1.7 | Peter Ilyich TCHAIKOVSKY | |

(7)

10.2 Identifiseer die nasionaliteit van enige TWEE van die bogenoemde komponiste. (2)

**[9]**

## VRAAG 11

Kies DRIE danse uit die ondergenoemde danstipes.

*Barcarolle, Bolero, Cha-Cha, Charleston, Flamenco, Foxtrot, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Mazurka, Mbaqanga, Minuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals*

Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en voltooi die blanko spasies.

| | **Land van Herkoms** | **Tydmaatteken** | **Tempo-aanduiding** |
|---|---|---|---|
| Danstipe 1 | (1) | (1) | (1) |
| Danstipe 2 | (1) | (1) | (1) |
| Danstipe 3 | (1) | (1) | (1) |

**[9]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

**TOTAAL: 105**

**ADDENDUM**
**MUSIEKPARTITUUR**
**"Pas Seul" uit *Giselle***




**EINDE**